Die Christelike Vrou

Julie 2025 Amptelike mondstuk van die NHSV

# Wanneer trauma en verlies jou pad kruis



**Ons stap almal deur die lewe met drome, planne en die hoop dat dinge sal uitwerk soos ons dit beplan. Maar soms tref trauma of verlies soos 'n skielike storm wat ons wêreld laat kantel. Dit kan die verlies van 'n geliefde wees, 'n siektediagnose, 'n egskeiding, of selfs die verlies van 'n droom wat nooit waar geword het nie.**

Ons dink dikwels aan trauma as iets groot en sigbaar – 'n ongeluk, geweld of dood. Trauma kan egter ook in ongewone vorms kom. Soos wanneer jy nie meer jou eie motor kan bestuur nie, of wanneer jy na 'n kleiner huis moet trek en jou geliefde boekversameling moet weggee. Vir ander klink dit dalk gering, maar vir jou kan dit voel asof jy 'n stuk van jou geskiedenis, jou stories en jou identiteit verloor. Elke boek dra herinneringe – van ure se leesgenot, van moeilike tye waarin daardie stories jou hoop gegee het, of van mense wat dit vir jou geskenk het. Die verlies is eg en diep, al verstaan ander dit nie altyd nie.

As vroue dra ons dikwels die emosionele laste van ander, terwyl ons self stukkend van binne is. Ons probeer sterk wees vir ons kinders, ons mans, ons families – maar wie hou óns vas as die trane stil oor ons wange loop?

In sulke tye is dit maklik om te wonder waar God is. Hoekom laat Hy hierdie pyn toe? Hoekom moet ek só seer kry? Maar die Skrif herinner ons: *Die Here is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees* (Psalm 34:19, AFR 33/53).

Trauma en verlies verander jou. Jy sal nooit weer presies dieselfde wees nie, maar jy kán genees. Jy kan stadig, tree vir tree, weer jou kop oplig. Dit beteken nie jy vergeet nie. Dit beteken net dat God jou nuwe krag gee om aan te gaan.

Laat jou hart toe om rou te verwerk – ook oor die kleiner, ongewone verliese. Moenie jou seer wegsteek nie. Praat met iemand wat jy vertrou, of soek professionele hulp indien nodig. En wanneer die nag lank en donker voel, hou vas aan die wete dat God steeds met jou is, selfs al voel dit of Hy stil is.


Jy is nie alleen nie. En jou storie is nog nie klaar geskryf nie. God kan selfs die pynlikste of vreemdste hoofstukke gebruik om iets nuuts en mooi in jou lewe te skep.

Mag jy sy vrede ervaar, al verstaan jy nou dalk nog nie alles nie.

*Hannelie*

# Streekbyeenkomste

*...want ek weet op wie ek vertrou*
*2 Tim 1:12*



Thea van Rooyen

# Streekbyeenkomste

**Wes-Kaap** | **Demara Bezuidenhout, Kaapstad**



Worcester Mannekoor, Alsingend van Pionierskool vir Siggestremdes, ds Leanie Lemmer, proponent Elizabeth Rossouw, en Reinette van Sean Kelly-tehuis en -skool het ons bederf met optredes tydens ons damesoggend. Die opkoms was baie goed met 'n mooi groep van 48 dames. Worcester se dames het behoorlik uitgehang met heerlike eetgoed en pragtige versierings.

Een van die hoogtepunte van die oggend was die dames se dinkskrum waartydens hulle met mekaar gedeel het wat in elke gemeente gedoen word. Die dames in die ring moet saamwerk, aangesien daar verskeie organisasies en individue is wat hulp benodig. Een gemeente kan nie noodwendig by alles uitkom nie, maar as almal saamwerk, kry ons meer gedoen.

In Gemeente Kaapstad word daar byvoorbeeld gedurende die 40 dae van Lydenstyd allerhande items soos kos, klere en linne ingesamel. Wanneer die items uitgesorteer word, word aandag gegee aan organisasies waar nood is, en waarvan ons op daardie tydstip bewus is. So was ons bewus van die nood by Elizabeth Roos-tehuis vir gestremde vroue in Kaapstad. Die dames het dringend onderklere, nagklere, ensovoorts, benodig en ons kon help.

Die Sean J Kelly-sentrum vir gestremde kinders is in Worcester, en Worcester se dames (eintlik die hele gemeente) is gereeld daar betrokke. Kaapstad kon uit hul insameling help met klere vir die kinders.

***In die kerk, waar die byeenkoms plaasgevind het, het ons 'n bossie blomme op een van die stoele gesit ter herinnering aan Selna van Staden, Worcester se predikantsvrou wat kort tevore oorlede is na 'n baie lang stryd met haar gesondheid.***

Kaapstad het ook die UBUNTU-projek waar hulle leë koffiebottels vul met droë bestanddele wat maklik in 'n heilsame maaltyd vir 'n gesin verwerk kan word. Verskeie gemeentes in die ring help met hierdie projek.

Gemeente Kaapstad se dryfkrag is ds Kathleen Smith, wat vir haar deernis en barmhartigheid die Jan Reynierz-erepenning vir buitengewone barmhartigheidsdiens van die ADV ontvang het. Sy glo dat ons kaste nie mag vol wees wanneer daar nood by mense is nie.

Die dames was dit eens: Ons moet weet wat almal in die gemeentes beskikbaar het en dit aanstuur na waar die nood hoog is. In verskeie gemeentes word op gereelde basis babaklere, musse en serpe gebrei, en vele ander projekte hanteer. As gemeentes en lidmate saamwerk en weet waarmee ander gemeentes besig is, sal ons 'n baie groter deel van die gemeenskap kan help.










***Heelbo: Die groep dames by Wes-Kaap se streekbyeenkoms in Worcester.***
***Bo van links na regs: Oudl Ria Schempers (Worcester en Wes-Kaap streekvoorsitter), Wializé Rocher (NHSV Dagbestuur), Reinette von Molendorf (by die groot hoeveelheid daaglikse benodigdhede wat dames die oggend saamgebring het vir die Sean Kelly-huis) en proponent Elizabeth Rossouw.***
***Onder van links na regs: Ds Leanie Lemmer, ds Hannelie Botha en haar ma, Kitty Botha, en Wializé Rocher en haar ma, Nelize Minnie, en tannie Nellie Crafford wat 'n pragtige kussing gemaak, geskenk en kaartjies daarvoor verkoop het ten bate van die NHSV Worcester.***







# Streekbyeenkomste

**Wes-Kaap**





***Worcester Mannekoor (bo) en Alsingend van Pionierskool vir Siggestremdes (links) was die groepe kunstenaars wat die dames met musiek vermaak het.***

***Worcester se dames het soos gewoonlik gesorg vir heerlike trooskos en pragtige tafels en vensterbanke.***







# Streekbyeenkomste

**Pretoria en Noordelike Pretoria** **Susan Kotzé, Pretoria-Oos**

Op Saterdag 24 Mei het die Pretoria-dames die streekbyeenkoms by Gemeente Rietvallei bygewoon. Daar was 'n besonder groot groep dames byeen van oral in die omgewing, van Montana, Montana-Oos, Noordelike Pretoria, Noorderlig, Oos-Moot, Pierneef, Witfontein, Wonderboom, Rietvallei, Pretoria-Oos, Erasmia, Swartkop, Wapadrant en Pretoria-Wes. Dit was heerlik om by hierdie luisterryke byeenkoms teenwoordig te wees en ook die Here se lof te kon besing.

Die spreker was Esté Geldenhuys van Radio Kansel. Sy het op haar gemaklike manier met ons oor die teksvers van 2 Timoteus 1:12b gesels. Hierdie teksvers, *want ek weet op wie ek vertrou*, is ook die NHSV se jaartema. Sy het ons onder andere met 'n unieke beeld van 'n duif uitgedaag om die Here God te prys vir die jý wat jy is. Om jou eie gawes in Hom te ontdek, gee 'n mens die vertroue om op jou eie karakter te steun en jou besondere "pand" tot sy eer uit te leef.

Sanet van Wyk van die NHSV Hoofbestuur het verslag gedoen oor hul werksaamhede en spesiale dienslewering. Sanet het ook 'n kort oorsig gegee oor wat met die fondse gebeur.



Die tweede gedeelte van die program het ná die teepouse gevolg. Este Pienaar en Henry van Dyk was die talentvolle gaskunstenaars. Na elke kosbare vertelling van Este, het Henry met sy mooi tenoorstem vir ons 'n gepaste lied gesing. Dit was 'n wonderlike manier om die oggend af te sluit.

Die dames is ook met 'n besondere uitbeelding herinner aan die NHSV se 85ste verjaardag.

Die gasvroue het hulself oortref met die gawes wat hulle vir ons voorgesit het. Na 'n heerlike middagete en lekker kuier rondom tafels het ons verdaag. Baie dankie aan Rietvallei se vroue en die bestuurslede wat alles gereël het. Dit was 'n onvergeetlike oggend saam met kerkvriendinne.










***Bo:***

***Die groot groep streek- en NHSV voorsitters,***

***ds Janine Bevolo-Manders en Hazel Saaiman, en***

***Henry en Este***




Tooi Turkoois
June

**Tooi Turkoois in Port Elizabeth**

**Pikkie Hetzel, NHSV Port Elizabeth**

**Tooi Turkoois, die projek wat bewusmaking vir die versorging van bejaardes bevorder, val mooi tussen Moedersdag in Mei en Vadersdag in Junie.**

NHSV Port Elizabeth het besluit dat Tooi Turkoois 'n 12-maande-projek moet wees. Bejaardesorg is deurlopende versorging, nie net vir 30 dae nie. Met die hulp van die gemeente het Tooi Turkoois met 'n knal afgeskop.

Eerstens het ons uitgereik na Serenity Hill Care Center, 'n klein, private versorgingsoord geleë in Kamma Heights in Port Elizabeth. Die fasiliteit huisves 18 inwoners, waarvan ses Alzheimerpasiënte is. Nadat ons 'n bietjie navorsing gedoen het oor die behoeftes van en daaglikse uitdagings vir persone met Alzheimer, het ons besluit om vir elkeen 'n vroetelkombersie of 'n voorskoot met verskillende teksture daarop te maak. Ons het ook borslappe vir volwassenes, inkleurboeke, inkleurpotlode, gelamineerde woordsoekraaisels en witbordpenne (vir hergebruik), sagte lekkergoed en koekies aan die inwoners voorsien. Die personeel en versorgers is die engele wat liefde en omgee in hul harte ronddra, maar so maklik oorgesien word. Daarom was daar vir hulle ook bederfies in die vorm van handeroom, koffiebekers, koffie en koekies.




Die kleur turkoois is nie net vir ons 'n simbool van liefde, versorging en respek vir ons ouer mense nie, maar is ook 'n kleur van uitreik, hande vat met die gemeenskap van Port Elizabeth/Gqeberha, en daadwerklike omgee.

Ons reik ook uit na behoeftige bejaardes in Tehuis Kabega met onder andere sop, melkkos, pannekoek en gekookte etes.

Ons het ook nie vergeet van ons eie gemeente nie. Aangesien 70% van ons gemeentelede bo 65 jaar is, word hulle gereeld bederf. Sondaeoggende is daar natuurlik teebederfies ná die erediens.

Kierie-Uber is nog 'n uitreikprojek waar gemeentelede persone wat nie meer van eie vervoer gebruik kan maak nie, oplaai en saambring, hetsy na eredienste of kuiergeleenthede. Geeneen word agtergelaat nie. Rolstoel, kierie, loopraam of vriendelike arm word aangebied vir veilige toegang tot die kerkgebou waar 'n warm drukkie en vriendelike geselsie op hulle wag.

Oudword is nie 'n probleem nie. Die probleem is soms dat jou gees jonk bly maar jou liggaam sê aikona!

Mag julle saam met alle ander gelowiges weet hoe wyd, ver, hoog en diep die liefde van Christus strek (Efesiërs 3:18).




Liewe Boeke

# Liewe Boeke

**Joan de Beer, Gemeente Wonderboom**



***Foto geskep met Chat GPT***

**Elke mens kom op ’n punt waar hy of sy moet laat gaan: mense, plekke of goed. Soms verhuis geliefdes, familie of vriende; ander kere trek jy self uit jou bekende huis of omgewing, of jou kinders emigreer. Die finale skeiding kom by die sterfbed en graf.**


Veral ouer mense sê gereeld *Ons moet begin afskaal* of *Ons trek na ’n kleiner huis toe*. Party verkoop hul huis en meubels en trek na ’n aftreeoord. In hul stemme hoor jy dikwels heimwee, want iets kosbaars bly agter.

Om kleiner te leef, beteken om met minder meubels en besittings klaar te kom. Dis nie maklik om afstand te doen van ’n erfstuk nie, al is dit net ’n eenvoudige meubelstuk wat Oupa met sy knipmes gemaak het. Sulke goed is deurdrenk van herinneringe uit jou geskiedenis en jou liefde vir mooi dinge.

Een van die moeilikste dinge om te laat gaan, is boeke. Min aftreeplekke het ruimte vir groot boekrakke, en by emigrasie bly boeke dikwels agter. Sommige mense begin maar weer van nuuts af hul versameling opbou in ’n nuwe land. Jonger mense sê maklik: *Al my boeke is op my foon.* Hulle beleef nie dieselfde verlies nie.

Ek sien dit by elke witolifanttafel waarmee ek werk. Oral beland boeke wat eens iemand se trots was. Elke boek hier is eens gekoop omdat dit vir iemand waarde gehad het. Daarin lees jy van die modes van die verlede; macramé; batik; mikrogolfkookkuns; opgestopte speelgoed; hekelwerk; resepte van Jamie Oliver; lugbraaierresepte; selfontwikkeling; *mindfulness*. Outeurs soos Patience Strong, Nina Smit en Solly Ozrovech se boeke was eens gewild, maar word nou al minder gevra. Nuwe name neem hul plekke in.

Selfs dominees en teoloë koop nie meer konkordanse en Skrifverklarings op die witolifanttafel nie; hulle gebruik eerder digitale bronne. Dit bly egter hartseer om netjiesgebinde reekse te sien waarvoor niemand meer plek of behoefte het nie. Ek wonder dikwels of dit vir die vorige eienaars nie baie swaar was nie, want sulke boeke was hul gereedskap, hulpmiddels vir preke, of bronne van kennis en geloof.




Ek hou daarvan om te sien as ’n boek goed gebruik is. Soms ruk dit aan jou hart as jy ’n persoonlike boodskap voorin die boek ontdek – ’n inskripsie vir ’n geliefde of kind. Tussen die bladsye bly soms boekmerke, gespinde sywurmhartjies, kwitansies of klein stukkies persoonlike geskiedenis agter.

Vir baie mense is dit moeilik om boeke weg te maak. Party boeke staan al jare op hul rak en word steeds opgetel om deur te blaai. Dis ondenkbaar om dit weg te gee, want elke boek hou herinneringe vas. Daar is jou eerste boek wat jy met jou eie sakgeld gekoop het, of een wat jy van jou suster as Kersgeskenk gekry het – dalk jou eerste liefdesverhaal. Of die boek wat jy as prys gewen het vir ’n opstel in standerd vyf. Party boeke dra ’n inskripsie van iemand spesiaal, moontlik as’n huweliksgeskenk. Daar is ook handboeke van ’n geliefde vak, vol aantekeninge. Selfs al gebruik jy dit nie meer nie, bly dit kosbaar.

# Liewe Boeke



Vir gelowiges is daar Bybels en geestelike boeke met groot sentimentele waarde. 'n Ouma se Bybel, vol onderstrepings en inskrywings, is onskatbaar. Of jou 1983-vertaling wat elke Sondag saam met jou kerk toe is, in wynrooi leer gebind, met jou Liedboek. Die nuwe 2020-vertaling pas netjies by die ander. Daar's ook Engelse Bybels, parafrases soos Die Lewende Nuwe Testament, of boeke soos Jan du Rand se *Die Einde*. Hoe kan 'n mens sommer van só iets ontslae raak?

Lank voor die internet of Wikipedia, het die *World Book Encyclopedia* my nuuskierigheid bevredig. Ek het dit tweedehands gekoop, al was party bladsye vasgeplak van reënwater. Dit is oud en bevat nie nuwe inligting nie, maar dis steeds myne. Ek kan nie daarvan loskom nie.

As bibliotekaris moes ek al dikwels weduwees van professore en dominees teleurstel wanneer hulle hul geliefdes se boekerye aan die biblioteek wou skenk. Dit was hartseer, want vir hulle was dit 'n monument vir iemand se lewe en werk. Maar dikwels het die biblioteek reeds elke boek gehad, omdat die oorledene self die boeke vir die universiteit gekoop of aanbeveel het. Dan moes hulle aanvaar dat die boeke elders 'n tuiste moes kry.

Skeiding is altyd moeilik, ook van jou boeke. Al is dit nie skaars items soos die *Book of Kells*, die Gutenberg-Bybel of 'n Shakespeare-folio nie, is dit steeds jóú boeke. Hulle was jou metgeselle in goeie en slegte tye; troosters met 'n vers uit die Groot Verseboek as die lewe druk; of herinneringe soos Mammie se *Rubaiyat* van Omar Khayyam wat sy as verlowingsgeskenk van Pappie gekry het. Ek kan nie van my boeke afstand doen nie. Hulle bly deel van my lewe, my vreugdes, my herinneringe en my troos.



# Liewe Boeke

Op die Facebookblad van die English Literary Society , kom ek op die volgende af en my hart sing van vreugde (ek haal die plasing net so in vertaalde vorm aan):

*Umberto Eco, wat 50 000 boeke besit het, het die volgende oor tuisbiblioteke te sê gehad:*

*"Dit is dwaas om te dink dat jy al die boeke wat jy koop, moet lees, net soos dit dwaas is om diegene te kritiseer wat meer boeke koop as wat hulle ooit sal kan lees. Dit sou wees soos om te sê dat jy al die eetgerei of glase of skroewedraaiers of boorpunte wat jy gekoop het, moet gebruik voordat jy nuwes koop.*

*"Daar is dinge in die lewe waarvoor ons altyd genoeg voorraad moet hê, selfs al sal ons net 'n klein gedeelte gebruik.*



*"As ons boeke byvoorbeeld as medisyne beskryf, sal ons verstaan dat dit goed is om eerder meer as minder te hê: wanneer jy beter wil voel, dan gaan jy na die 'medisynekas' en kies 'n boek. Nie 'n lukrake een nie, maar die regte boek vir daardie oomblik. Daarom moet jy altyd 'n verskeidenheid hê!*

*"Diegene wat net een boek koop, lees net daardie een en raak dan daarvan ontslae. Hulle pas eenvoudig die verbruikersmentaliteit op boeke toe, dit wil sê, hulle beskou dit as 'n verbruikersproduk, 'n kommoditeit. Mense wat van boeke hou, weet dat 'n boek alles behalwe 'n 'kommoditeit' is."*

**Medewerkers aan hierdie uitgawe:**
**Ds Hannelie Botha (redakteur), Demara Bezuidenhout, Susan Kotzé, Pikkie Hetzel, Joan de Beer**
**Taalversorging: Tessa Oppermann**
**Foto's vanaf *www.Pixabay.com* of *https://www.freepik.com* of skrywers. Ander grafika van www.flaticon.com**
**Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na *admin@nhsv.org.za***

| | | |
|---|---|---|
| *www.nhsv.org.za* | ***Porterstraat 40, Rawsonville, 6845*** | *diechristelikevrou@gmail.com* |
| *diechristelike* | *Christelike Vrou* | ***082 923 9439*** |

***Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van* Die Christelike Vrou *se redaksie of die NHSV nie.***